



Hoërskool Fichardtpark

diensbaarheid • integriteit • geloof • respek • uitnemendheid

Geagte ouers

Hoërskool Fichardtpark is ongelooflik geseënd op verskeie terreine. Ons is onder andere baie bevoorreg om 'n ondersteunende ouergemeenskap te hê. Ons is dankbaar om die onbekende saam met die positiewe ingesteldheid van ons ouers tegemoet te gaan.

Astro

Na lang en deeglike beplanning tesame met u ondersteuning is ons *Astronomiese* droom uiteindelik bewaarheid. Die soospit-geleentheid het op Dinsdag, 6 Julie plaasgevind. Hoërskool Fichardtpark se Beheerliggaam het ook hierdie geleentheid bygewoon. Ons leerders het dubbel en dwars ook hulle kant met die ondersteuning van die Astronomiese-projek gebring.



Kontak Nommer: 051 522 6927 • Epos: fichpos@fpark.co.za
Hudsonrylaan 24, Fichardtpark, Bloemfontein, 9317

www.fpark.co.za

Sovêr is daar 'n mooi bedrag van R 393 607.00 vir die Astro met fondsinsamelings ingesamel:

- Fondse van 2020: R 156 035.00
- Gewone klere 19 Maart: R 7 672.00
- "Square projek"/Oud-skoliere: R 77 500.00
- Cupcakes: R 2 000.00
- Astronomiese-projek: R 150 400.00

Vroeër sluiting van skole

- Die President se aankondiging dat skole vroeër moes sluit, het bepaalde uitdagings na vore gebring. Alhoewel u kind se veiligheid ons eerste prioriteit is, is ons akademie ook baie belangrik. Ons kon genadiglik, met die toestemming van die Onderwysdepartement, ons gr.11- en gr.12-eksamen tydens die Winterskooltydperk voltooi. Alle nodige Covid-19-protokolle is gevolg. Dankie dat u as ouer hierdie inisiatief, wat tot voordeel van u kind was, so noemenswaardig ondersteun het. Leerders se gr.11- en gr.12-punte is van kardinale belang vir verdere studies.
- U sal binnekort meer inligting oor die afhandeling van die gr. 8- tot 10-eksamen op D6 ontvang.

Sport

- Ongelukkig heers daar tans groot verwarring oor die beoefening van sport of selfs die bywoning van oefeninge. Ons is egter baie bevoorreg om 'n vennootskap met SPC te hê. Leerders het oefenprogramme ontvang wat hulle in die veiligheid van hulle eie huise kan doen.

Geboue en terrein

- Ons is baie trots op ons nuwe krieketnette. Die turfnette is veral 'n groot aanwinst vir ons krieketontwikkeling.

POPI-wetgewing

- Almal is sekerlik teen dié tyd bewus van die nuwe wetgewing rondom bekendmaking en beskerming van persoonlike inligting sowel as die gebruik van foto's. Elke leerder sal in die eerste week van skool 'n dokument ontvang waar u

as ouer toestemming gee dat ons u kind se inligting mag gebruik (meer hieroor as die skool weer begin).

Skoolfonds

- Baie dankie aan die ouers wat getrou hulle skoolfonds betaal. Indien u om die een of ander rede agter geraak het met u skoolfonds, moet u asseblief met die finansiële kantoor kontak maak – dit sal moontlike oorhandiging voorkom.

Astronomiese-projek

- Leerders wat drie kaartjies verkoop het, mag steeds die eerste week van die nuwe kwartaal hulle sweetpakke dra. Leerders sal in die eerste week spesifieke inligting oor die dra van sweetpakke ontvang.

Slot

- Met inagneming van die Minister van Onderwys se aankondiging dat skole die 19de Julie begin, sal ons ouers steeds op hoogte hou van enige verdere verwickelinge.

Geniet u vakansie.

Fichie-groete



H VAN DER MERWE

SKOOLHOOF

2021/07/09